| | |
|---|---|
| **FINANSIëLE REKENINGKUNDE 700**<br><br>**Seminaar RS 6 – Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates**<br><br>***PH Ferreira*** | **DEPARTEMENT REKENINGKUNDE**<br>**UP** |

**Voorgeskrewe werke:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | IAS 37 | - | IASB |
| 2. | GAAP Handbook Volume 1<br>- Hoofstuk 22 | - | Pretorius, **et al** |

| **Vrae:** | | **Tyd** |
|---|---|---|
| Vraag 1 | Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede | ± 15 min |
| Vraag 2 | Voorsienings, verhalings | ± 15 min |
| Vraag 3 | Voorwaardelike aanspreeklikhede | ± 12 min |
| Vraag 4 | Herstruktureringsvoorsiening | ± 15 min |
| Vraag 5 | Beswarende kontrakte, verdiskontering, openbaarmaking | ± 40 min |





**VRAAG 1**

Die Magtige Muisval Maatskappy Beperk het pas begin met die uitvoer van muisvalle na die VSA. Die advertensiespreuk vir die muisvalle is: "*A girl's best friend"*. Die volgende gedinge is gedurende die jaar teen die maatskappy ingestel:

(a) Mnr. G Washington het sy duim verloor toe hy 'n muisval met 'n besonder sterk veer hanteer het. Hy eis R5 000 ten opsigte van mediese en ander koste. Volgens die maatskappy se regsverteenwoordigers het die eis 'n goeie kans om te slaag. Die maatskappy beoog om die eis te skik sonder appèl en onnodige negatiewe publisiteit. Die presiese bedrag wat betaal sal word, is nog onseker, maar behoort in die omgewing van R5 000 te wees.

(b) Die Kaliforniese Vrouebevrydingsbeweging eis R10 000 van die maatskappy omdat die advertensiespreuk van die maatskappy na bewering die waardigheid van die vrou aantas. Die maatskappy se regsverteenwoordigers is van mening dat die uitslag van dié saak sal afhang van watter regter dit sal aanhoor. Hulle stel egter die moontlikheid dat die eis van die hand gewys sal word op 70%, en dat dit toegestaan sal word op 30%.

(c) Mnr. A Lincoln eis R100 000 op grond daarvan dat sy vrees vir muise wyd bekend is, en dat die maatskappy se advertensiespreuk hom in die oë van die publiek verwyfd laat voorkom. Die maatskappy se regsverteenwoordigers meen dat die kans dat dié eis sal slaag, gering is.

**VERLANG:**

Bespreek hoe hierdie aangeleenthede rekeningkundig verantwoord behoort te word.

**VRAAG 2**

Boss Beperk spesialiseer in die ontwerp en vervaardiging van 'n eksklusiewe sportmotor. Gedurende die finansiële jaar is 90 (negentig) sportmotors voltooi en verkoop.

Gedurende toetsing van die sportmotor, met die oog op verbeteringe, is 'n ernstige defek in die stuurmeganisme van die sportmotor gevind.

Al negentig klante is van die defek in kennis gestel en hulle is per brief verwittig dat hulle hul motors moet terugbring om die defek gratis te laat herstel. Klante het aangedui dat hierdie reëling in orde is en dat hulle geen verdere stappe sal neem nie. Die beraamde koste hieraan verbonde, sal R900 000 beloop.

Die vervaardiger van die stuurmeganisme, 'n genoteerde maatskappy met voldoende fondse, het aanspreeklikheid vir die defek aanvaar en het onderneem om Boss Beperk vir al die kostes wat hy in hierdie verband mag aangaan, te vergoed.

**VERLANG:**

Bespreek hoe Boss Beperk die aangeleentheid in sy finansiële jaarstate moet verantwoord.

**VRAAG 3**

U is die ouditeur van 'n gediversifiseerde groep maatskappye met verskeie vertakkinge in die handel en nywerheid. Alle filiale word ten volle besit. Die groeps-finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 20X7 is op 24 Maart 20X8 vir uitreiking goedgekeur. Gedurende die oudit het u die volgende vasgestel :

i. Een van die maatskappye in die groep stal jaarliks by die Randse Skou uit. Hierdie maatskappy het uit sy 20X7-skoubedrywighede 'n wins van R250 000 getoon. Die maatskappy sal in 20X8 weer by die Skou uitstal, maar die huur sal aansienlik meer wees aangesien groter uitstalruimte gebruik sal word. Die direksie is van mening dat voorsiening gemaak moet word vir bedryfsverliese ten opsigte van skoubedrywighede wat waarskynlik gedurende 20X8 gely sal word. 'n Voorsiening van R250 000 is hiervoor gemaak. (2)

ii. 'n Eis van R1,2 miljoen is teen een van die maatskappye in die groep ingestel weens die beweerde skending van patentregte. Die direksie is oortuig dat die eis kwaadwillig is, maar het nogtans die maatskappy se regsadviseurs opdrag gegee om die moontlikheid dat die eis kan slaag, te ondersoek. Daar is voorlopig besluit om nie die aangeleentheid te openbaar nie. U eie ouditondersoek kon geen verdere lig werp op die waarskynlikheid dat die eis kan slaag nie. (6)

**VERLANG:**

Beoordeel die aanvaarbaarheid van die verskeie voorstelle in die lig van International Financial Reporting Standards.

(KE 1988 aangepas)

**VRAAG 4**

Cio Beperk het weens nuwe arbeidswetgewing, wat maatskappye dwing om te verseker dat hul bestuur verteenwoordigend is van die demografiese samestelling van die land, besluit om sy bestuur te herstruktureer.

Die volgende inligting is tot u beskikking:

- Op 15 Februarie 20X2 het die maatskappy met onderhandelinge met werknemergroepe begin en dit is teen 30 Junie 20X2 gefinaliseer;
- die finale herstruktureringsplan, opgestel deur die besturende direkteur, was op 12 Augustus 20X2 voltooi;
- die herstruktureringsplan is goedgekeur by die raadsvergadering gehou op 17 Augustus 20X2;
- die herstruktureringsbesluit is op 20 Augustus 20X2 aan alle werknemers sowel as in die Sake-Beeld aangekondig;
- implementering van die plan het op 1 September 20X2 ‘n aanvang geneem.





U is bewus van die volgende koste wat aangegaan sal word:

- afleggingspakette betaalbaar aan bestuurders wat nie behou word nie;
- opleidingskoste vir bestuurders wat behou word, maar wat nodig het om sekere vaardighede op te skerp;
- kontrakkansellasie-koste.

Omdat Cio Beperk se personeelkorps sal afneem, beoog die maatskappy om al die kantoormeubels en toerusting asook die maatskappymotors wat deur die bestuurders wat afgelê gaan word gebruik word, te verkoop. ‘n Geskikte koper is reeds geïdentifiseer. Koste sal aangegaan word ten opsigte van die verwydering van hierdie bates en die aflewering daarvan by die koper.

**VERLANG:**

a. Bespreek op watter stadium herstruktureringskoste erken kan word.

b. Bespreek watter bedrae in die aanspreeklikheid ingesluit moet word.

c. Bespreek wanneer die verkoop van bates erken behoort te word.

**VRAAG 5**

Jefco Bpk is ‘n maatskappy genoteer op die JSE Beperk. Jefco Bpk is betrokke by kleinhandel, vervaardiging sowel as konstruksie.

Die onderstaande inligting van Jefco Bpk het betrekking op die finansiële jaar geëindig 31 Desember 20X2:

1. Vir ‘n aantal jare reeds, het Jefco Bpk sy vlagskip kleinhandelwinkel in die SBG (Sentrale Besigheidsgebied) van Pretoria gehad. As gevolg van besigheid en gebruikers wat na die oostelike voorstede verskuif, het omset en winsgewendheid oor die afgelope twee jaar afgeneem.

   Vir die jaar geëindig 31 Desember 20X2 het die bruto wins van die winkel R2 976 000 bedra, wat heelwat minder is as wat begroot is. Vir dieselfde jaar het die maandelikse huur van die gebou R247 500 bedra. Die huurkontrak eskaleer teen 7% per jaar op 1 Januarie van elke jaar en die kontrak eindig op 30 Junie 20X5. As gevolg van boeteklousules in die huurkontrak, het bestuur op 31 Desember 20X2 die besluit geneem om met besigheid voort te gaan tot die einde van die huurtermyn, eerder as om die kontrak te kanselleer.

   Bruto wins word eweredig deur die jaar verdien en op 31 Desember 20X2 is vasgestel dat die bruto wins R2 952 000 per jaar sal beloop in die afsienbare toekoms. Alle ontvangstes en betalings word maandeliks agteruit ontvang/betaal.

2. Op 1 Februarie 20X2 het die staat 'n kontrak aan Jefco Bpk toegeken om twee brûe wat deur onlangse vloede in die Limpopo Provinsie vernietig was, te herbou.

   Die projek sal teen 31 Julie 20X4 voltooi wees. Die werk behels dat die pad by beide brûe verlê word deur die bou van tydelike ompaaie, sowel as die opdamming en verlegging van die rivier by een van die brûe. Teen 30 Mei 20X2 was die ompaaie en opdamming van die rivier voltooi en is met konstruksie aan die brûe begin.

   Die kontrak spesifiseer dat die opdamming en die verlegging van die rivier herstel moet word met voltooiing van die kontrak. Niks word in die kontrak vereis of gespesifiseer ten opsigte van die ompaaie nie. Jefco Bpk het egter 'n beleid om die omgewing by elke terrein waar hulle 'n projek voltooi het, te herstel. Hierdie beleid, wat algemeen bekend is, bou hulle beeld en bevorder openbare betrekkinge.

   Die beraamde koste om die rivier en opdamming te herstel is R2 200 000 en om die ompaaie te herstel is R1 850 000.

3. Die ouditeursfirma het op 2 Februarie 20X3 met die oudit van Jefco Bpk begin. Die firma het beraam dat die ouditfooi vir die 20X2 jaar R80 000 sal beloop. Geen voorsiening is nog gemaak nie.

**Bykomende inligting**

- Jefco Bpk beskou 'n voorbelaste verdiskonteringskoers van 9% per jaar (maandeliks saamgestel) as die koers wat tans in die mark van toepassing is.

- Die huidige normale belastingkoers is 30%. Ignoreer enige ander belasting, tensy in die inligting gespesifiseer.

**VERLANG**

(a) Joernaliseer die rekeningkundige inskrywings wat nodig is vir die inligting in aantekeninge 1 tot 3 hierbo ten opsigte van die jaar geëindig 31 Desember 20X2 en gee bondige redes vir u antwoorde.

(b) Openbaar alle aantekeninge vir die jaar geëindig 31 Desember 20X2 wat betrekking het op wins voor belasting en voorsienings in ooreenstemming met die vereistes van die International Financial Reporting Standards.

Rond alle bedrae af tot die naaste Rand.